SAOU

Gee die pas aan / Setting the pace

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief 02/2016 National Newsletter

21/01/2016

OWERHEIDSWERKNEMERS-PENSIOENFONDS (OWPF) Wat is die waarheid agter die gerugte?	GOVERNMENT EMPLOYEES PENSION FUND (GEPF) What is the truth behind the rumours?
Die SAOU is weereens oorval deur navrae van bekommerde lede nav mediaberigte insake die sogenaamde afskaling van pensioenvoordele. Die SAOU het reeds voorheen inligting in die verband aan lede gekommunikeer, maar daar word begryp dat pensioene 'n uiters sensitiewe aangeleentheid is en daarom word die inligting hieronder weereens beskikbaar gestel.	The SAOU has been inundated with enquiries by concerned members as a result of media reports regarding the reduction of pension benefits. We have already communicated in this regard to members before, but we appreciate the fact that pension benefits are a sensitive issue and therefore the following information here below is provided.
Die SAOU het kennis geneem van doelbewuste en kwaadwillige beriggewing deur opportunistiese organisasies/persone wat gerugte versprei oor die stand van die OWPF. Hierdie beriggewing word betreur omdat dit groot onrustigheid onder staatsamptenare in die algemeen en SAOU-lede in die besonder veroorsaak. Die SAOU het hierdie aangeleentheid reeds formeel met die OWPF opgeneem, en het die OWPF ook 'n volledige inligtingsessie in die SKBR aan alle vakbonde in die staatsdiens gemaak.	The SAOU has noted the deliberate and malicious reporting by opportunistic organisations/persons regarding the state of the GEPF. These reports are regretted as it causes serious anxiety among public servants in general and SAOU members in particular. The SAOU has insisted that this matter be formally discussed with the GEPF in the PSCBC. The GEPF made a full submission to all unions in the PSCBC regarding the rumours that abound.
Die enigste voordeel wat ter sprake is, is die bedankingsvoordeel wat uitbetaal word aan werknemers van die Staat ten tye van bedanking. Die bedankingsvoordeel word bepaal aan die hand van die lid van die Fonds se aktuariële belang in die Fonds wat die beraamde waarde van die voordeel is wat opgebou is gedurende die dienstydperk. Hierdie aktuariële belang word elke twee jaar gedoen nav die Fonds se formele aktuariële waardering deur 'n onafhanklike aktuaris.	The only benefit that is affected, is the resignation benefit paid to employees of the State after resignation. The resignation benefit is calculated in terms of the member's actuarial interest which is the estimated value of the benefit that the member has built up in the Fund to the date of exit. This actuarial calculation is done formally every two years as part of the actuarial valuation of the Fund by an independent actuary.
Aktuariële belang word bereken deur die toepassing van 'n formule met inagneming van die volgende: • Die gemiddelde pensioendraende salaris gedurende die laaste twee jaar; • Die tydperk van lidmaatskap van die Fonds; • Die aankoop of oorplasing van enige diens of fondse na die Fonds vanaf 'n ander pensioenfonds; en • 'n Faktor (genoem aktuariële belang faktor) gebaseer op die lid se ouderdom.	Actuarial interest values are calculated by applying a formula based on the following: • The average pensionable salary during the last two years; • The period of membership of the Fund; • Any purchase or transfer of service or funds from other pension funds; and • A factor (called actuarial interest factor) based on the member's age.
Omdat die Fonds nie bewus is van wanneer lede die Fonds sal verlaat nie, vereis die aktuariële belang se berekening ook dat verskeie aannames gemaak moet word betreffende die toekomstige ekonomiese omstandighede en demografiese profiel	As the Fund is not aware of when and how each member will exit the Fund and what the member's salary will be at the date of exit, this calculation requires various assumptions about the future economic conditions and the demographic profile of the entire membership of the Fund. The change in the demographic profile and the economic conditions influence the

van die totale lidmaatskap van die Fonds. Soos die demografiese geskiedenis en ekonomiese omstandighede verander het dit 'n invloed op die formule. Gedurende die vorige twee hersieningsperiodes is die faktor (sien hierbo) opwaarts aangepas, terwyl dit met die laaste berekening matig afwaarts aangepas is.

Het bogemelde aktuariële berekening 'n invloed op lede met meer as 10 jaar pensioengewende diens se pensioenvoordele ten tye van formele aftrede?
Die OWPF is 'n vaste voordeel fonds, dws pensioenvoordele word volgens 'n onveranderlike formule bereken nav die lid se pensioendraende salaris en tydperk van lidmaatskap. Die pensioenvoordeel word nie beïnvloed deur die geldelike bydraes wat die Fonds gedurende hierdie tydperk van en namens (werkgewerbydraes) die lid ontvang het nie.

Wat is die posisie van lede met minder as 10 jaar pensioengewende diens?
Lede met minder as 10 jaar pensioengewende diens se voordeel word wel deur die tweejaarlikse berekening van die aktuariële belang beïnvloed soos hierbo verduidelik.

Waarom word 'n aktuariële waardering gereeld gedoen soos hierbo uiteengesit?
Die gereelde aktuariële waardering word juis gedoen om die befondsingsvlak van die Fonds te handhaaf en te verseker dat 'n vlaag van bedankings nie die befondsingsvlak en gepaardgaande daarmee pensioenvoordele van lede in gevaar stel nie.

Kan verwag word dat opportunistiese makelaars hierdie situasie probeer uitbuit?
Daar kan gewis verwag word dat opportunistiese makelaars sal poog om hierdie situasie uit te buit. Lede word die versekering gegee dat die SAOU volledig op hoogte is van alle verwikkelinge en dat daar te alle tye verseker sal word dat lede se pensioenvoordele nie benadeel word nie.

In die media word daar berig dat werknemers wat bedank nie toegang tot hulle pensioenvoordele sal kan bekom nie. Is dit waar?
Die bedoeling van die nuwe wetgewing is dat werknemers nie toegang tot pensioenvoordele moet bekom voor bereiking van aftreeouderdom nie. Sodanige pensioenvoordele sal met bedanking oorgeplaas word na 'n nuwe werkgewer se pensioenfonds of na 'n bewaringsfonds. Dus, pensioenvoordele moet benut word waarvoor dit bedoel is, nl finansiële versorging na aftrede.

Waar kan meer inligting in die verband bekom word?
Die SAOU se Inbelsentrum kan geskakel word by 086 072 6843.

formula. During the previous two review periods the factor (see here above) was increased while it was reduced during the last calculation.

Does the actuarial calculation influence the pension benefits of members with more than 10 years pensionable service on the date of formal retirement?
The GEPF is a defined benefit fund, i.e. the pension benefits are calculated in terms of a fixed formula based on the member's pensionable salary and period of membership. The pension benefit is not influenced by the monetary contributions by the member and on behalf of the member (employer contributions) during the period of membership.

What is the position of members with less than 10 years pensionable service?
The benefit of members with less than 10 years' service are definitely influenced by the calculation of the actuarial interest as explained here above.

Why is an actuarial calculation done regularly?
An actuarial calculation is done regularly to determine the funding level of the Fund and to ensure that a spate of resignations will not influence the funding level negatively.

Can it be expected that opportunistic brokers may attempt to exploit the rumours?
It can definitely be expected that opportunistic brokers will attempt to exploit the situation and cause further anxiety. Members are given the assurance that the SAOU is abreast of all developments and that at all times we will ensure that members' pension benefits will not be negatively affected.

In the media it is reported that when employees resign they will not be able to access their pension benefits. Is this true?
The intention of new legislation is that employees should not be able to access their full pension benefits prior to retirement age. Pension benefits will be transferred to the next employer's pension fund or to a preservation fund with the intention that such funds will not be accessed prior to retirement age. Thus, pension benefits must be utilised for its original purpose, i.e. financial provision after retirement.

Where can more information be obtained?
The SAOU Call Centre may be contacted at 086 072 6843.